

16 Januarie

Skrifgedeelte: Johannes 2:13-25
Fokusgedeelte: Johannes 2:13

Fees: as kerk of basaar?

Die teenstelling klink snaaks: kerk of basaar? Want die Doppers hou nie sommer basaar nie. Toe Jesus op die vooraand van die Paasfees na die tempel gegaan het, loop Hy as 't ware 'n basaar in die buitenste voorhof tegemoet. Daar waar die heidene toegelaat was om te aanbid. Die verwagte stilte wat hier moes wees vir aanbidding, is verdring deur 'n feestelike basaar-atmosfeer van handelaars en geldwisselaars.

Ja, dit was 'n gerieflike fasiliteit om jou offerdiere of geld vir die voorgeskrewe offers sommer by die tempel te koop. Veral as jy, volgens die voorskrif in Deuternomium 16:16, vir die Paasfees moes opkom om voor die aangesig van die Here te staan. Wanneer jy van buite Jerusalem gekom het, was dit gerieflik om jou offerdier by die tempel te koop of jou munte vir die geldoffers om te ruil vir die regte geld. Hierdie gerief het sowel die persoon wat offer as die handelaar en geldwisselaar tot voordeel gestrek. Vir jou wat offer was dit soveel gemakliker met die minder moeite. Vir die handelaar was dit goeie omset en vir die geldwisselaar goeie kommissie.

Maar van die Here, voor Wie se aangesig jy gekom het, was daar geen sprake nie. Die Here wat, sonder dat Hy verplig was, sy beloftewoord (Gen 50:24, 25) en sy volk (Eks 3:7, 8) kosbaar geag het dat Hy alles gedoen het (dink aan die tien plaë) om sy volk te bevry uit die slawerny van Egipte (Jos 24:17). Meer nog, Hy het hulle nie net in die ruimte van Kanaän ingelei nie, maar hulle ook verbygegaan in hulle afgodsdien (Jos 24:15) deur die bloed van die lam (Eks 12:23, 27). Sy doel daarmee was dat sy volk, wat Hy deur die verlossing ook verander het van slawe tot 'n koninklike priesterdom (Eks 19:6) Hom sou dien. En hiervoor het Hy hulle ook 'n tent of huis van ontmoeting laat bou (Eks 25:1-8).

Die tempel van die Here in Jerusalem – dit is reg. Die Here van die tempel – Hy is weg. Eie gerief, eie wins is in sy plek gestel. Daarom dat Jesus na Jerusalem moes kom. Dat Hy die tempel moes afbreek en oorbou. Nie as gebou nie, maar as Mens, met sy eie liggaam. Die verlossing moes ook verandering bring, dat Hy mense deur sy verlossing verander. Verander van basaar (eie gewin) tot kerk (diens aan God). Dit is voor sy aangesig dat die kerk, in diens, kan feesvier.

Sing: Psalm 34:3 (1936-beryming)

Ds CA Jansen (Secunda)

